**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak nommer. : A328/2011

In die saak tussen:

**NTJA JONAS MOLABA** 1ste Appellant
(Beskuldigde 2 hof *a quo)*

**JOSEPH NTONI** 2de Appellant
(Beskuldigde 3 hof *a quo*)

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK:** HANCKE, WND RP *et* KRUGER, R *et* MOCUMIE, R

---

**AANGEHOOR OP:** 13 AUGUSTUS 2012

---

**GELEWER OP:** 16 AUGUSTUS 2012

---

[1] Die appellante is skuldig bevind aan die volgende aanklagte en dienooreenskomstig gevonnis:

Aanklag 1: Roof met verswarende omstandighede – 15 jaar gevangenisstraf;

Aanklagte 2, 3 en 4: Poging tot moord – 15 jaar gevangenisstraf;

Die hof *a* quo (Moloi, R) het gelas dat 10 jaar van hierdie

vonnis saam uitgedien moet word met die vonnis opgelê ten opsigte van aanklag 1;

Aanklag 5: Oortreding van die bepalings van artikel 3, gelees met artikels 1, 120(1)(a), 103, 117, 121, en met bylaag 4 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000, gelees met artikel 250 van die Strafproseswet;

Aanklag 6: Oortreding van die bepalings van artikel 90, gelees met artikels 1, 103, 117, 120(1)(a) en 121 gelees met bylae 4 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000, gelees met artikel 250 van die Strafproseswet.

Laasgenoemde klagtes is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en is 10 jaar gevangenisstraf opgelê. Dit is verder gelas dat 5 jaar van hierdie vonnis saam moet loop met vonnis opgelê ten opsigte van aanklag 1.

[2] Die effektiewe vonnis ten opsigte van elkeen van die drie beskuldigdes was dus 25 jaar gevangenisstraf.

[3] Die eerste appellant kom in hoër beroep teen die skuldigbevindings en vonnisse hom opgelê ten opsigte van aanklagte 1 tot 6. Die tweede appellant kom in hoër

beroep teen die skuldigbevindings op aanklagte 5 en 6 en die vonnisse hom opgelê ten opsigte van aanklagte 1 tot 6.

[4] Dit blyk volgens die getuienis van Tieho Hanford Mofokeng dat hy in diens was van Coin Sekuriteit te Bethlehem en dat hulle gedurende die oggend van 21 September 2009 geld moes optel by SA Funeral Home te Namahadi asook te Sedibeng Shell vulstasie te Phuthaditjhaba, waarna hulle bank toe is. Aldaar het getuie 'n kartondoos en 'n trommel bevattende geld uitgehaal en 'n knoppie gedruk sodat die personeel van Standard Bank kon oopmaak. Die volgende oomblik het hy 'n persoon in 'n blou oorpak opgemerk wat hom genader het en 'n vuurwapen op hom gerig het. Die persoon het op hom geskiet en hy het binne in die deur van Standard Bank geval.

[5] Hy getuig dat die koeël hom aan die linkerkant van die buik getref het en aan die regterkant uitgekom het. Die persoon wat hom geskiet het was lank en vergesel deur 'n kort persoon wat ingekom het by die deur en die karton gevat het, terwyl die lang persoon die deur van die bank vasgehou het.

[6] Hy getuig dat hy vir elf maande gehospitaliseer was en dat die senuwees afgeskiet tot so ‘n mate dat die dokters van mening was dat hy nie sou herstel nie. As gevolg van die voorval kan hy nie meer oortyd werk nie en verdien hy tans R2 500,00 minder as voor die insident.

[7] Kaptein Motaung, verbonde aan die Misdaadintelligensie-eenheid van die polisie getuig dat hy die oggend van 21 September 2009 aan diens was. Hulle het inligting gehad ten opsigte van die beplande gewapende roof wat sou plaasvind, asook van die rowers se name wat daarby betrokke sou wees. Op ‘n stadium is die geldwa by hulle kantore verby en het hulle dit gevolg op ‘n afstand van 800m vanaf die veediefstal-eenheid se kantore in die rigting van Standard Bank. Op ‘n afstand van 100m – 200m het hy vir enige Mandosa, synde beskuldigde 1, agterop die bakkie geïdentifiseer, welke persoon ‘n kakiesak by hom gehad het.

[8] Op ‘n stadium het beskuldigde 1 die sak oopgemaak en ‘n vuurwapen daaruit gehaal, terwyl die ander twee persone

besig was om die geldtrommel oop te maak. Beskuldigde 1 het toe die vuurwapen in die polisie se rigting afgevuur en het hulle terselfdertyd die gerolde geldsakke op die grond gegooi. Die polisie het teruggeskiet en ook hierdie voertuig agtervolg tot waar dit stilgehou en 6 mans afgeklim het. Twee van die mans het die geldtrommels gedra terwyl beskuldigde 1 'n sak onder sy blad gehad het. Op 'n stadium het getuie die drywer identifiseer as Molabo, synde die eerste appellant. Adjudant Offisier Begezi wat saam met hom was het skote afgevuur aangesien vyf van die rowers af gehardloop het in 'n sloot in, terwyl 'n sesde persoon tussen die huise ingevlug het.

[9] Getuie getuig dat 2de appellant aan hom bekend is as Margot en dat hy een van die geldtrommels by hom gehad het toe die bakkie tot stilstand gekom het. Hy is dan ook in besit gevind van die geroofde geldtrommel.

[10] Adjudant Offisier Begezi getuig dat die 2de appellant in die toilet ingegaan het met die geldtrommel en dat hy die geldtrommel asook chirurgiese maskers wat in rooftogte gebruik word, in sy besit gehad het. Hy getuig dat tydens

die vlug, hy deurgaans in sy sig was en dat hy hom aangetref het terwyl hy op die geldtrommel gesit het. Wat 1ste appellant betref het hy op geen stadium te kenne gegee dat hy gekaap was nie.

[11] Adjudant Offisier du Plessis getuig dat hy die 1ste appellant aangetref is waar hy in 'n hoenderhok weggekruip het, alwaar hy gearresteer is. Du Plessis het 'n Nokia selfoon, 'n identiteitsdokument, 'n paspoorthouer en twee FNB kwitansies waarop selnommers met die name van Mandoza (synde die naam van beskuldigde 1) en Moya in die 1ste appellant se besit gevind.

[12] Kaptein Thebo Samuel Ramosoeu, in diens van die Suid-Afrikaanse Polisiediens getuig dat die 1ste appellant 'n spontane mededeling aan hom gemaak het tot die effek dat hy saam met die ander twee beskuldigdes was. Dit het die staatsaak afgesluit.

[13] Die 1ste appellant getuig in sy eie verdediging en verklaar dat hy wel op die toneel was maar dat hy gekaap was en bang was vir die polisie voertuig want hy het gedink dié

kom help om hom te kaap. Hy getuig ook dat hy nie vir beskuldigde 1 en 2de appellant geken het nie. Hy getuig dat hy die betrokke dag die Izuzu-bakkie (met vervalste FS-nommerplate) geleen het om stene op te laai toe hy gekaap is. Hy verklaar ook dat 2de appellant hom gedreig het om nie 'n verklaring aan die polisie te maak nie.

[14] Tweede appellant getuig dat hy op soek was na 'n tradisionele dokter toe hy aldaar gearresteer is. Adjudant Offisier Begezi het hom geneem na 'n geldtrommel in die toilet. Hy getuig dat hy in besit was van die chirurgiese maskers aangesien hy op daardie stadium aan varkgriep gely het.

[15] Wat die uitkenning van die appellante betref blyk dit dat hulle goed bekend was aan die polisiebeamptes, dat die voorval helder oordag plaasgevind het en dat die appellante hulleself op die toneel geplaas het. Me Kruger, namens die appellante, het dan ook nie aangevoer dat die hof *a quo* enige wanvoorligting begaan het ten opsigte van sy feite- of geloofwaardigheidsbevindinge nie. Nie alleen was die uitkenningsgetuienis geloofwaardig en betroubaar

nie, maar bestaan daar voldoende waarborge vir die korrektheid daarvan. Die 1ste appellant se appèl ten opsigte van aanklagte 1 tot 4 kan dus nie slaag nie.

[16] Ten opsigte van die appellante se skuldigbevinding aan aanklagte 5 en 6, blyk dit dat die hof *a quo* die skuldigbevindings gebasseer het aan die hand van leerstuk van gemeenskaplike oogmerk. In hierdie verband is die opmerkings Nugent A.R. in **S v MBULI** 2003 (1) SASV 97 (HHA) op 114 te para [71] van belang:

> "[71] ... Their contravention of the relevant section in those circumstances does not arise from an application of the principles applicable to common purpose (which is concerned with liability for joint activity) but rather from an application of ordinary principles relating to joint possession."

[17] Die regsposisie word in dieselfde uitspraak soos volg opgesom op 115 c – e:

> "In my respectful view, Marais J set out the correct legal position … when he said the following in *S v Nkosi* 1998 (1)

SACR 284 (W) at 286*h* - *i*:

'The issues which arise in deciding whether the group (and hence the appellant) possessed the guns must be decided with reference to the answer to the question whether the State has established facts from which it can properly be inferred by a Court that:

*(a)* the group had the intention (*animus*) to exercise possession of the guns through the actual detentor and

*(b)* the actual detentors had the intention to hold the guns on behalf of the group.

Only if both requirements are fulfilled can there be joint possession involving the group as a whole and the detentors, or common purpose between the members of the group to possess all the guns.'

...

Mere knowledge by the others that he was in possession of a hand grenade, and even acquiescence by them in its use for fulfilling their common purpose to commit robbery, is not sufficient to make them joint possessors for purposes of the Act."

[18] Me Ferreira, namens die staat, het ook verwys na **S v MOTSEMA** 2012 (2) SACR 96 (GSJ) waar Joffe R teenoor para [29] die volgende verklaar:

"[29] In my judgment the disapproval in *Mbuli* of the obiter dictum in *Khambule* was indeed necessary for the decision, and constitutes a part of the ratio decidendi. I therefore conclude that, on the basis of *S v Nkosi* and *S v Mbuli*, the law may now be stated as follows:

1. There is no rule of law to the effect that, when an armed robbery is committed by two or more persons with a common purpose to commit the armed robbery, joint possession of the weapons used in the robbery is to be inferred.
2. Joint possession of the weapons can only be inferred if the facts proved leave no room for any reasonable inference other than that:
   *(a)* each participant in the common purpose to rob, who had physical control of a weapon, intended not merely to use it, but also to possess it, both for himself and also on behalf of one or more other participants; and
   *(b)* each alleged joint possessor, who did not himself have physical control of a weapon, intended that one or more of the weapons should not merely be used, but should also be possessed by another participant on his behalf."

Ek stem saam met voorgaande.

[19] Dit blyk uit die getuienis dat die *enigste* persoon wat in besit was van die vuurwapen in die huidige saak, beskuldigde 1 was. Hy was dan ook die enigste persoon wat hierdie vuurwapen gebruik het. Daar is dus nie sprake van fisiese besit deur enige van die appellante en regverdig dit ook nie die enigste redelike afleiding dat hulle die nodige *animus* gehad het om hierdie vuurwapen te besit nie. Bygevolg het die staat nie die appellante se skuld bo 'n redelike twyfel bewys ten opsigte van aanklagte 5 en 6 nie.

[20] Wat vonnis ten opsigte van aanklagte 1 – 4 betref, het die hof *a quo* die bepalings van die Strafregwysigingswet, Wet 105 van 1997 deeglik oorweeg en bevind dat daar nie wesentlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n ligter vonnis as die voorgeskrewe minimum vonnis regverdig nie. Volgens die getuienis van Mofokeng (para [6]) was hy ernstig gewond, en was dit blote geluk dat nie een van die klaers noodlottig gewond was nie. Ek is geensins oortuig dat die hof in enige opsig 'n wanvoorligting in hierdie verband begaan het nie.

[21] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die 1ste appellant se appèl ten opsigte van sy skuldigbevinding aan aanklagte 1 – 4 word van die hand gewys;
2. Beide appellante se appèl ten opsigte van aanklagte 5 en 6 slaag en word beide se skuldigbevindings en vonnisse ten opsigte van hierdie aanklagte ter syde gestel.
3. Die resultaat vir die voorgaande is dat die effektiewe vonnis van elk van die appellante dus 20 jaar gevangenisstraf sal wees.

**S. P. B. HANCKE, WND RP**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**B. C. MOCUMIE, R**

Namens die appellante: S. Kruger
In opdrag van:
Bloemfontein Regssentrum
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. A. M. Ferreira
In opdrag van:
Die Kantoor van die Direkteur:
Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/eb